



Nuusbrief van Privaatskool Elnatan

Omsendbrief nr. 10

Belê in die toekoms deur kinders lief te hê en hulle goed te onderrig.

17 Maart 2017

Geagte Ouers

Uit die kantoor

Ons groet vandag aan die einde van 'n kort termyn met baie aktiwiteite. Ons gun die leerlinge asook die leerkragte 'n aangename rusperiode.

Sport

Ons wens ons sportspanne wat gaan toer asook atlete wat aan die NAPSO-atletiekbyeenkoms in Swakopmund gaan deelneem, baie sterkte toe. Ons glo en vertrou dat hulle die ervaring wat hulle gaan opdoen, weer gaan terugploeg in ons skool. Ek bedank die ouers wat diep moes delf om hierdie geleentheid vir hulle kinders te kon moontlik maak asook die onderwysers wat hierdie geleentheid gaan meemaak en hul rustydjie opoffer vir die groter opvoedingstaak waarmee ons besig is.

Daar wag 'n lywige sportskedule vir ons vir volgende termyn en die hoërskoolrugby se ligabepalings is reeds ontvang. Ons vertrou dat die bepaling vir laerskoolrugby, hokkie en netbal, binnekort sal volg.

Ouervergadering

Op 18 April 2017, met die aanvang van die tweede termyn, wil ons soveel as moontlik ouers uitnooi na die Ouervergadering wat direk na die saalopening sal plaasvind. Die agenda vir hierdie vergadering word hierby aangeheg, sowel as die notule van die vorige ouervergadering.

Die graad 10's sal met die dag van die ouervergadering pannekoek en kerrie-en-rys verkoop.



Skoolrapporte

Skoolrapporte word vandag uitgedeel na afloop van die toetsreeks. Anders as in die verlede, verskyn die werklike punt op hierdie termyn se rapport en geen verwerkte punt van die vorige November-punt, is gebruik nie. Daar is enkele gevalle waaroor ons bekommerd is en ons sal met die leerlinge, sy ouers of beide in gesprek tree. In baie van hierdie gevalle het ons besef dat daar leerlinge is wat dalk vir die eerste maal in hul lewe in 'n koshuis is, of dalk verlede jaar nog in Engels onderrig ontvang het. Hiermee wil ek basies sê dat dit dalk slegs 'n aanpassingsprobleem kan wees. Hou ook in gedagte dat hierdie slegs 'n toetsreeks was. Die eerste formele eksamen sal in die tweede termyn afgelê word.

Finansiële Kantoor

Let asseblief daarop dat alle skool- bus- en Palmpikkiegelde **voor die 7de van elke maand** betaal moet wees. Rapport/Vorderingsverslae sal nie aan leerlinge met uitstaande rekening oorhandig word nie.

Wynveiling

Hierdie jaar se wynveiling vind op 7 Junie in Windhoek plaas. Die koste van kaartjies beloop N\$450.00 per persoon. Christo & Kobus van Die Broers is die gaskunstenaars en Jean Engelbrecht sal die aand saam met ons geniet. Borge word nog gesoek vir die vliegkaartjies, dekor en klank en enige ander bydraes sal waardeer word. Kontak asseblief vir Heletjè by 0812724666.

25-Jarige feesvieringe

Die reëlings van Elnatan se 25-jarige feesvieringe het al begin vorm kry. Indien u enige idees, borge of hulp kan aanbied, kontak Louisa Campbell by 0812819074.

Mag u en u gesin, 'n sinvolle Paasfees en vreugdevolle vakansie geniet.

Elnatangroete

Dekker Vermeulen

Afwesighede vir die week

Skool	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Totaal
Jnr. Primêr	0	0	0	0	0	0
Snr. Primêr	0	0	0	0	0	0
Hoërskool	1	1	1	1	1	



Belangrike Datums

24-25 Maart NAPSO Atletiek Swakopmund
04-04 April Woestynfees
18 April Skool open 08:00
 Ouervergadering
24-28 April Veldskool Gr. 7



© Can Stock Photo

Elnatan Kalahari Wynweiling 2017

Plek: Safari Hotel
Datum: 7 Junie 2017
Tyd: 18h00 vir 19h00
Drag: Semi-Formeel
Kostes: N\$450 p/persoon
 N\$ 4500 p/tafel
Besprekings: riviera@iway.na



Kaartjie sluit in aandete, gaskunstenaar en 'n gratis whiskey & gin proe vanaf 18h00



DR. Shameela Suliman

BchD(UP) MchD Orthodontics (UWC) Ortodontis
2de Vloer, Maerua Park, Centaurusstraat, Windhoek

T 061 401 500 E orthodontist@iway.na
F 061 401 501 C 081 385 3881

W www.orthodontistwindhoek.com
Facebook: Dr. Suliman-Orthodontist

UIT DIE WOORD

- * Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe Hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. (Joh. 11:25-26)
- * Ons het in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek nie, ons is op soek na die toekomstige. (Heb. 13:14)
- * Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Joh. 3:16)
- * En as Ek gegaan het en vir julle plek gereedgemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe Neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is. (Joh. 14:3)



WYSE WOORDE

- ~ Sonder God het die lewe geen doel nie. (Rick Warren)
- ~ Om na te laat om voorbereid te wees op Christus se koms is die duurste vorm van uitstel. (Anoniem)
- ~ Die lang tyd voordat die belofte van Jesus se terugkeer in vervulling gaan, is genade. God wil hê jy moet gereed wees as Jesus terugkom. (Die Bybellennium)
- ~ As ons nie geduldig en met verwagting op Christus se koms in heerlijkheid wag nie, begin ons van die een klein sensasie na die ander rondwaal. Sonder 'n verwagting van die tweede komskom ons in die versoeking om ons oor te gee aan wat ook al vir ons 'n paar oomblikke van plesier verskaf. (Henri Nouwen)
- ~ Vrede is nie iets waarvoor jy wens nie. Dit is iets wat jy maak, wat jy doen. Dit is iets wat jy is en wat jy weggee. (Robert Fulghum)



SAKE VIR GEBED:

- Dank aan ons Vader vir genade. vir vergifnis van ons sonde en vir lewe.
- Vir beskerming en vir oorvloedige seën en uitdeel daarvan.
- Vir reën op plase wat dit nog benodig en dank vir plase wat reeds vol weiveld staan.
- Vir ons alle leiers in ons land sowel as ons buurlande.



